



# PINKSTER 2021

**“Om iets van die onverstaanbaarheid van die Gees te verstaan...”**

*Verken en beleef deur 4 elemente die Gees se rol in jou lewe en verdiep in jou verhouding met die Heilige Gees.*

## **TEMA 1: WIND/ASEM**

Die wese en werk van die Heilige Gees was nog altyd bietjie moeiliker om te verstaan. Op 'n manier kan ons vir **God die Vader** as Skepper en Onderhouer en Versorger makliker sien – dit is effens makliker om daarvoor na te dink en dit deel van ons denke oor God te maak.

Om die werk en lewe van **JESUS** te verstaan is selfs nóg makliker – Hy wat mens geword het en onder ons kom woon het (Johannes 1:14), die Seun van God wat die sonde van die wêreld op Hom geneem het, die Goeie Herder (Johannes 10) kan ons verstaan. **Jesus Christus**, die Een wat vir ons die weg na die Vader kom wys het (Johannes 14:4), vir ons geleer het en Immanuel, konkreet “God by ons” was.

Maar die **Heilige Gees** – dit is effens moeiliker om oor die Heilige Gees na te dink. Wat ons wel kan sê en waarvoor ons wel kan getuig, is dat dit juis die Heilige Gees is wat God se kerk rig en lei, inspireer, vernuwe en stuur. Dit is die Heilige Gees wat tussen ons en in ons is.

Ronell Bezuidenhout skryf in haar boekie “God haal ook asem” die volgende: “*dieselfde Gees wat..., is dieselfde Gees wat..., is dieselfde Gees wat...*”

Dieselfde Gees wat direk by die geboorte van Jesus betrokke was,

... is die Heilige Gees wat soos 'n duif uit die hemel op Jesus neerdaal toe Hy gedoop word;

... is die Heilige Gees waarmee die dissipels later ook gedoop word;

... is die Heilige Gees in wie se Naam ons ook ander gelowiges moet doop.

Maar die Groot Avontuur met die Heilige Gees begin baie lank reeds tevore: Dieselfde Gees wat swewend soos vuurtonges oor die Bovertrek gehang het om daarmee die Kerk in die lewe te roep;

... is dieselfde Gees wat betrokke was – swewend bo die watermassa by die skeppingsproses.

As Johannes 1:1-3 sê dat dit “God se Woord/God se stem” is wat die skepping tot lewe geroep het, sou ons seker ook die Heilige Gees dan beskryf as “God se asem”.

Die Heilige Gees is die *ruag hakodesh* (dit is die twee Hebreeuse woorde vir gees en heilig) wat oor die donker water sweef (Genesis 1:2). Dit is ook hierdie Gees (*ruag*) wat in Adam geblaas word (Genesis 2:7) as God se lewensasem (*ruag*). God blaas sy *ruag* en die *ruag* waai waar die *ruag* wil. Die Gees word dan ook soms met “wind” vertaal: niemand bepaal die waai van die wind nie; niemand kan dit ook sien nie; jy kan jouself bloot daaraan oorgee en dit voel.

Psalm 104:30 sê: *U gee die lewensasem en daar is lewe; ook uit die grond laat U nuwe lewe spruit...*

Dit is die Kunstenaar-God wat deur middel van sy eie wese skep en Jesaja 32:15 help ons ook om dit raak te sien dat “die Gees van BO af op ons uitgestort word. Dan word die woestyn ’n vrugteboord so dig dat dit vir ’n bos aangesien word.”

Selfs Job sê so lank as daar lewe in hom is, is die asem van God in hom “Die Gees van God het my gemaak, die asem van die Almagtige het my die lewe gegee” (Job 33:4).

Dit wil dus lyk asof die Ou Testament graag van God se Gees, die Heilige Gees, praat as “asem”, “lewensasem”, die asem wat lewe gee, lewe skep...

Só belangrik is asemhaling en tog dink die meeste van ons so min daaraan. Ons neem nie ’n besluit om asem te haal nie. Ons liggaam “dwing” ons om dit te doen. As jy die sogenaamde, “gemiddelde, gesonde volwassene” is, haal jy 12-18 keer per minuut asem. Dit is ’n verstommende 17 000 – 30 000 keer in ’n 24 uur siklus. (17 000-30 000 moontlikhede om God se asem in te asem.)

Waar *Ruag* in Hebreeus die woord vir gees is, is dit *Pneuma* in Grieks. Hierdie pneuma waarmee Jesus eeue later gedoop is, vind sy oorsprong by “God, die Here... Hy wat die aarde gevorm het en alles wat dit oplewer, Hy wat aan al die mense op die aarde die asem gee, die lewe aan alles wat beweeg (Jesaja 42:5).

Dit is dieselfde gedagte by Paulus wanneer hy in Athene oor God praat en sê: “Indeeldeel, dit is Hy wat aan almal lewe en asem en alles gee..”. (Handelinge 17:25)

**Soek vandag of môre ’n stil plek waar jy bloot op jou asemhaling kan fokus.** Wanneer jou gedagtes begin dwaal, bring dit bloot terug terwyl jy herhalend bid – in en uit, met elke asemteug, “Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge” (Romeine 11:36).

En dan, wanneer jy weer bid, gebruik dalk die onderstaande woorde van Augustinus wat eintlik net bid die Gees van God Sy vernuwings-werk in ons sal bly doen...

Fluister in my oor, Heilige Gees: *Ek sal dan net die goeie dink.*  
Spoor my aan Heilige Gees: *Ek sal dan die goeie doen.*  
Daag my uit, Heilige Gees: *Ek sal dan die goeie soek.*  
Gee my krag Heilige Gees: *Ek sal dan die goeie kan vashou.*  
Beskermheer, O Heilige Gees: *Ek sal die goeie nooit vergeet.*  
(Augustinus – 4<sup>de</sup> eeu)

Jesus sê in Johannes 3:8 “Die wind (pneuma) waai waar Hy wil en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waarvandaan hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is”.

Of, dalk is dit die versugtinge van die Gees, die sug in jou/saam met jou waar God se vernuwingswerk vandag vir jou begin. “Die Gees (Pneuma) staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees (Pneuma) pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie...” (Romeine 8:26)

Hoe dit ook al sy... Dit bly God se Lewensasem in ons – vir ons...  
Amen.



## TEMA 2: Water

# PINKSTER 2021

**“Om iets van die onverstaanbaarheid van die Gees te verstaan...”**

Verken en beleef deur 4 elemente die Gees se rol in jou lewe en verdiep in jou verhouding met die Heilige Gees.

**“Op die laaste dag, die groot dag van die huttefees, het Jesus daar gestaan en uitgeroep: ‘As iemand dors het, laat hy na my toe kom en drink! Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei.’ Hiermee het Hy na die Gees verwys, want die mense wat tot geloof in Hom kom, sou die Gees ontvang...”**  
**(Johannes 7:37-39a)**

In ons teks getuig Johannes van gebeure op die laaste dag van die (Loof)Hutfees – een van die belangrikste Herfs-feeste van die Jode. Elke dag – vir sewe dae lank – is daar tydens die fees ook water uit die Siloam-poel geskep en oor die altaar gegooi.

Met hierdie simboliek het die Jode teruggedink aan die gawe van water in die woestyn, ’n paar keer spesifiek uit ’n rots. Hulle het ook vir God dankie gesê vir die reën wat Hy vir hulle gee en die bede uitgespreek dat Hy sal aanhou om hulle so te seën. Water het dus ’n sentrale rol gespeel...

En dan op die laaste dag, die groot dag van die huttefees, vertel Johannes vir ons, gaan staan Jesus in die tempel en roep Hy met ’n harde stem dit uit (vers 37): **“As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink!”**

Die impak van Jesus se woorde kan ’n mens dadelik aanvoel. Hier is hulle by die fees, waar water ’n belangrike herinneringsrol speel. En nou dat die simboliek van water sterk in hulle fokus is, fokus Jesus hulle aandag op iets heelwat dieper.

Hy kom sê: dis wonderlik dat God water vir mens en dier en oes voorsien, maar Ek het ’n ander water - water wat nie net julle fisiese dors sal les nie, maar julle geestelike dors – die dors na die teenwoordigheid en krag van God self. En as iemand hierdie geestelike dors het, kom en drink by My!

En hierdie aanbod geld vir al die dorstiges) – vir alle mense wat ’n gemis in hulle lewens ervaar, ’n gemis aan lewe en oorvloed, ’n gemis aan sin en betekenis – ’n gemis aan die teenwoordigheid van God (dink ook sommer aan die Samaritaanse vrou in Johannes 4).

Maar dan gaan Jesus verder en voeg in vers 38 die volgende by: **“Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei.”** Vanuit jou diep binnekant, sal vars, verkwikkende water vloei...

Dit is eintlik ongelooflik wat hier gesê word. Waar Jesus begin het met die Jode se eie dors wat Hy vir hulle kan les – soos Hy immers ’n paar dae te vore ook vir die Samaritaanse vrou gesê het dat sy

by Hom die lewende water kan kom drink, dit wil sê die water wat die ewige lewe gee – vervolg Jesus met die radikale gedagte, dat dié wat in Hom glo, dié wat nou die ewige lewe hét, ook kanale van lewende water sal wees wat 'n impak in die wêreld sal maak!

Ons drink dus nie net in geloof van die lewende water wat Jesus gee nie. Ons eie dors word nie net geles nie. Nee, ons word self kanale van lewende water vir 'n dors wêreld!

### **Vanuit ons binneste raak die Heilige Gees mense aan met die lewende water van God.**

Dit bevestig Johannes met sy opmerking in vers 39: *“Hiermee het Jesus na die Gees verwys, want die mense wat tot geloof in Hom kom, sou die Gees ontvang.”*

Elke mens wat in Jesus glo, toe en nou, ontvang die Heilige Gees, en word deur die werk van die Heilige Gees 'n kanaal van lewende water vir 'n dors wêreld! *Die belangrike punt wat ons egter moet besef is dat ons slegs kan gee wat ons ontvang het.*

Johannes herinner vir ons vandag aan Jesus se woorde waar Jesus sê dat almal wat hierdie geestelike dors na God en God se teenwoordigheid het, bý Hom en ín Hom en déúr Hom hulle dors kan les. Maar Jesus les nie net my en jou se dors nie – Hy maak deur die Heilige Gees van ons kanale waardeur sy Lewende Water vloei – vloei na 'n wêreld wat ook diep dors het... En as ons dít verstaan, dan verstaan ons iets van die onverstaanbaarheid van die werk van die Heilige Gees.

Daar is eintlik net twee groepe mense in hierdie wêreld – en elkeen van ons val in een van die twee groepe... Dalk is jy een van dié wat dors is, jy het om een of ander rede nog nie die Lewende Water geskep en geproe nie (of dalk baie lanklaas). Dan nooit die Here Jesus jou juis om na Hom toe te kom en te drink. Sommer nou! Nie later nie... As jy dors is, kom na Jesus en drink!

Maar ek reken dat die oor grote meerderheid van ons wat hier is, se geestelike dors na God alreeds deur Jesus Christus geles word – ons het al gedrink van die water wat lewe gee en ons drink elke dag daarvan...

Wat ons dalk nie besef nie of dalk nie geweet het nie of dalk nie aan dink nie, is dat ek en jy ook nou 'n kanaal van die Lewende Water is – dit is uit óns binneste waaruit strome lewende water vloei. En dit is nie omdat ons so “great” is nie – dít sê Johannes is alles die werk van die Heilige Gees in almal van ons wat al tot geloof gekom het.

Ek en jy kan nie die water maak nie – God is en bly die bron daarvan. Maar ek en jy, deur ons lewe, is die kanale van daardie strome van lewende water. Ons moet onthou dat ons nie die water maak nie, maar dat die strome lewende water net spontaan vanuit ons binneste vloei. Ons skep selfs nie eers die geleenthede nie, ons bepaal ook nie eers waarheen dit vloei – ons vertrou net dat die Heilige Gees die LEWENDE WATER sal laat vloei waarheen Hy wil.

Dink gou vir 'n oomblik na oor die implikasie hiervan op jou lewe en op die lewe van die mense rondom jou...

Dink ook na oor die implikasie hiervan vir die wêreld wat dors na God...

Dink na oor die implikasie hiervan as dit waar is vir die kerk en die werk van die Heilige Gees in ons en deur ons... Amen.



**TEMA 3: Vuur**

# PINKSTER 2021

**“Om iets van die onverstaanbaarheid van die Gees te verstaan...”**

*Verken en beleef deur 4 elemente die Gees se rol in jou lewe en verdiep in jou verhouding met die Heilige Gees.*

Die afgelope paar dae het ons gekyk na die verskillende elemente van wind (asem) en water (stromende lewende water) ons help om iets van die werk van die heilige Gees te verstaan. In beide gevalle het ons gesien dat die werk van die Gees altyd lewe skep – lewensasem en lewende water!

Vandag kyk ons na die derde element van VUUR. En wanneer ons oor die Heilige Gees en vuur dink, dan is dit seker logies dat ons na Handeling 2 sal draai...

**“Toe die dag van die pinksterfees aanbreek, was hulle (apostels) almal op een plek bymekaar. Skielik was daar ’n geluid uit die hemel soos van ’n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het. Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen.”**

(Handelinge 2:1-4)

Dalk is dit belangrik om net eers te verstaan dat die pinksterfees waarvan Handeling 2 vertel, eintlik ’n Joodse fees was. Dit was tradisioneel ook die “fees van die weke” genoem (Eksodus 23:16) en is gevier sewe weke ná die begin van die graanoes – die dag waarop die eerste gerf gesny is en na die tempel toe gebring moes word. Dit het gewoonlik gebeur teen paasfees, sodat die fees van die weke, sewe weke na paasfees gevier is. Die fees self, was ’n eendaagse fees waarop offers gebring is en God geprys is as besitter van die land en gewer van reën en die vrugbaarheid van die grond.

Dit is dus uiters betekenisvol dat God juis op die dag van die pinksterfees, die Heilige Gees op sy Apostels uitstort en die geboorte van die kerk laat gebeur. Binne die konteks van “God as besitter” en “God as gewer” word die Heilige Gees soos vuurtonges op die Apostels uitgestort. Die Heilige Gees neem besit van hulle harte en gee vir hulle nuwe gawes. Handeling 2 getuig hoe hulle elkeen onder leiding van die Gees in ander tale begin praat het sodat die Evangelie van Jesus Christus, so gou as moontlik, aan soveel as moontlik mense, verkondig kon word.

’n Mens sou seker ook kon sê dat God se teenwoordigheid op Pinkster sterk herinner aan Moses voor die brandende bos en God se leiding van sy volk deur die woestyn in die nag deur ’n vuurkolom.

Vuurtonges, brandende bosse, vuurkolomme is tekenend van God se teenwoordigheid. En op die dag van die pinksterfees kom herinner God vir almal wat kan sien en hoor dat dit Hy self is wat by sy kerk en in sy kerk is – deur die vuurtonges van die Heilige Gees.

God werk soos vuur – Hy praat en laat praat. Die Heilige Gees bemagtig en gee die spesifieke gawes wat op 'n spesifieke tyd binne 'n spesifieke konteks nodig is, sodat God se Koninkryk kan kom.

In Handeling 2 is dit die verskillende tale, in **1 Korintiërs 12** is dit ook woorde van wysheid of kennis, of die gawe van gesondmaking. Op tye is die gawe van profesie of om tussen geeste te onderskei nodig. Ander kere weer die gawe van geloof of die gawe van liefde wat geduldig is en vriendelik is en nie boek hou van die kwaad nie soos in **1 Korintiërs 13** beskryf.

Die vuur van die Heilige Gees gee nie net die gawes nie, nee, dit verwek ook brandende passie en entoesiasme in ons. Ons lees in **Lukas 24:32** van die Emmausgangers se harte wat warm geword het en in **Handeling 4:33** van die Apostels wat die Woord met dapperheid verkondig – *“... die Apostels het kragdadig getuig dat die Here Jesus uit die dood opgestaan het, en die genade van God was groot op hulle almal...”*

So, die vuur wek brandende passie en entoesiasme in ons, maar die vuur van die Heilige Gees produseer ook reinheid en suiwerheid in ons lewe. In **1 Korintiërs 6:11** lees ons *“... maar julle het julle sonde laat afwas, julle is geheilig, julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Heilige Gees van ons God.”*

Ons sou natuurlik ook nog steeds die vraag kon vra: Waarvoor is die vuur in ons lewe nodig?

Ek noem vier redes – daar is verseker meer...

Die vuur van die Gees help ons om nie in ons toewyding te verslap nie en altyd geesdriftig die Here te dien. *“Moenie in julle toewyding verslap nie, bly altyd geesdriftig, dien die Here...”* (Romeine 12:11)

Die vuur van die Gees gee ook vir ons lig op ons pad – dui vir ons die koers aan, gee vir ons rigting *“Die wolkkolom bedags en die vuurkolom snags het altyd voor die volk gebly...”* (Eksodus 13:22).

En derdens is die vuur van die Heilige Gees ook ons krag, dit gee energie... *“Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom...”* (Handeling 1:8)

Laastens, bring dit blydskap... *“Die gelowiges in Antiogië was vol blydskap en vol van die Heilige Gees...”* (Handeling 13:52)

Dit is en bly die Gees se werk – om ons aan te vuur!

Amen.



#### **TEMA 4: Grond**

# **PINKSTER 2021**

***“Om iets van die onverstaanbaarheid van die Gees te verstaan...”***

*Verken en beleef deur 4 elemente die Gees se rol in jou lewe en verdiep in jou verhouding met die Heilige Gees.*

Die elemente van WIND (asem), WATER en VUUR het ons die afgelope paar dae gehelp om iets van die werking van die Heilige Gees te verstaan. Ons het gesien hoe die LEWENSASEM van God en die LEWENDE WATER wat vanuit ons binneste vloei en die krag waarmee ons AANGEVUUR word, alles die werk van die Heilige Gees is.

Daar is egter nog 'n vierde element wat vir ons kan help om 'n meer volledige prentjie te kry van die werk van die Heilige Gees. En hierdie vierde element is GROND.

Almal van ons weet dat grond mos die element is waarbinne groei altyd 'n moontlikheid is. Die heel beste tuinboukundiges sal vir jou ook sê dat wanneer plante in die regte grond geplant word, jy ook die beste groei sal sien.

Dit wat in die grond gebeur – die groeiwerk, kan niemand beheer nie. Daar is egter 'n Meester op die gebied van groei wanneer ons oor ons geestelike lewe en ons verhouding met die Here dink. Die Heilige Gees is die Meester op hierdie gebied.

In 1 Korintiërs 3:6-7 skryf Paulus *“Ek het geplant, Apollos het natgegooi, maar dit is God wat laat groei het. Dit gaan dus nie om die een wat plant of die een wat natgooi nie, maar om God wat laat groei.”*

Wanneer ons praat van grond en groei dan praat ons dadelik van tuinmaak of boerdery. Met ons geestelike lewe voor die Here is die Heilige Gees die een wat sorg vir die plant, wat nat gooi EN LAAT GROEI. Regdeur die bladsye van die Nuwe Testament lees ons hoe die Gees geassosieer word met geestelike groei. Ons lees ook van die VRUG VAN DIE GEES (Galasiërs 5:22) en ook van die seisoene in ons lewe waar die OUE verby is en die NUWE gekom het (2 Korintiërs 5:17-18).

Die Gees maak jou ook bewus van die “onkruid” in jou tuin of op jou landerye. En die Gees lei jou weer in die waarheid van Jesus Christus se verlossing en redding in (Johannes 14:25).

Die Gees wil jou ook help om 'n mooi geestelike tuin of 'n land vol gesonde en sterk plante te hê – tot eer van God en tot uitbouing van sy Koninkryk.

Vir 'n regte tuinier of boer is daar seker niks lekkerder as om hulle hande in die grond te druk nie, maar hulle weet dat, soos ek vroeër gesê het, hulle nie verantwoordelikheid vir die groei vir hulleself kan toeëien nie.

Groei in ons geloofsluwe gaan nie oor wat ek en jy kan doen om meer van die Heilige Gees te kry nie. Dalk gaan dit eerder oor die gedagte: Hoe kan die Heilige Gees meer van my kry? Hoeveel grond in my lewe is beskikbaar vir die werk van die Heilige Gees? Want dan begin ek meer van myself oorgee aan Hom sodat Hy my kan verander. Die volledige transformasie van my lewe kom



nie deur 'n teologiese verstaan van dinge nie maar deur die ervaring dat die Heilige Gees my meer soos Jesus laat dink en my meer soos Jesus maak.

En dit is ook hoekom ons van die Skeppergees praat en sing – die skeppingskrag van die Gees wat dinge tot stand kan bring wat nie voorheen daar was nie, wat radikale bekering en verandering in mense se lewens kan bring, wat met dieselfde krag in ons werk waarmee Jesus uit die dood uit opgewek is, met ander woorde wat die onmoontlike moontlik kan maak.

In Efesiërs 1:17ev bid Paulus vir die gelowiges (en vir ons) met die woorde “... ek (bid) dat die God van ons Here Jesus Christus, die Vader aan wie die heerlijkheid behoort, deur sy Gees aan julle wysheid gee en Hom so aan julle openbaar dat julle Hom werklik kan ken... en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek het...”

Dit is belangrik, want ons kan dalk dink dat die Gees net 'n verlengstuk van ons menslike kragte en vermoëns, ons eie kreatiwiteit en talente is. En dit is bloot net nie waar nie. Die Gees word nie beperk deur ons menslike (on)vermoë nie. So as dit by groei kom - dis nie ek en jy nie – dit is die Skeppergees wat in jou verandering bring, wat my nuut maak, wat herskep in jou, wat ons vorm tot dit wat ons moet wees: MENS. Mens soos wat God dit oorspronklik met Adam bedoel het en weer deur Christus kom moontlik maak het.

Die Skeppergees maak ons nie meer geestelik, meer goddelik nie, meer hemels en spiritueel nie, maar hierdie Gees maak ons meer méns soos wat God dit oorspronklik bedoel het... Iemand het op 'n keer gesê dat God nie van ons mense gemaak het sodat ons Christene kan wees nie, maar Hy het van ons Christene gemaak, sodat ons weer waarlik mense kan wees.

Die Gees laat ons ten diepste groei om weer mens te word – vry in Christus om te leef!

Dit is ook betekenisvol dat die Hebraëuse woord vir mens (Adam) en aarde (Adama) eintlik dieselfde stam het. Direk vertaal, beteken Adam “man/mens van die rooi grond”.

Esegiël 11:19 sê weer “Ek sal hulle 'n ander hart gee, en 'n nuwe gees onder hulle laat posvat, Ek sal die kliphart uit hulle liggaam verwyder en hulle 'n hart van vleis gee...” Met ander woorde hierdie nuwe gees, gaan hulle nie minder menslik maak nie, maar juis méér menslik.

Dit is ook wat die Gees in ons kom doen – Hy kom gee ons menswaardigheid én ons medemenslikheid vir ons terug.

En daarom moet ons ook gereeld reflekteer en onself toets aan die volgende...

Hoe gereeld breek my hart vir ander mense? Hoe sag is my hart? Hoe seer kry my hart vir die pyn van ander?

So wat is geestelike groei? Dalk is dit so eenvoudig soos om die Gees toe te laat om ons mens te maak en medemenslik te laat leef. Ek is weer terug by die prentjie van GROND...

“Die Here God het toe die mens gevorm uit die stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens 'n lewende wese geword het.” (Genesis 2:7).

En so is ons weer terug by waar ons begin het...

Amen.